# SODAT…

## Hou vas SODAT jy nie alles verloor nie

Koos van der merwe | Eden Gemeente | 27 April 2025

**Hou vas SODAT jy nie alles verloor nie—Volharding**

**Openbaring 3:7-13**

Vir ons as gelowiges is Paasnaweek ons geestelike Nuwejaar. Ons vertrekpunt is Pase, en ons reis na Pase. Tot ons eendag die Lam van Pase self ontmoet.

Ons tyd en ons denke word bepaal deur hierdie vertrekpunt, einpunt en middelpunt van die kruis en die leë graf. Pase is ook ons anker, ons toevlug.

Oor hierdie toevlug praat Hebreërs 12. Dit dat ons in die stryd van die lewe 'n Paasfokus moet hê. Eers sê die skrywer, bly dink aan gelowiges, soos die wat hy in hoofstuk 11 noem, wat onder groot beproewing en vervolging volhard het. Dink aan hierdie geloofshelde as 'n skare toeskouers wat kyk hoe jy ook in die wedloop volhard. En die grootste held aan wie jy moet bly dink is natuurlik die held van Goeie Vrydag en Paassondag.

**Hebreërs 12:1-3**

Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met **volharding** hardloop,

2 die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis **verduur** sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God.

3 Hou Hom voor oë wat so 'n vyandige optrede van die sondaars teen Hom **verdra** het, dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie (**sodat** julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie OV, **so that** you may not grow weary *or* exhausted, losing heart… *and* fainting in your minds Amp, not fainting in your souls NET, not be wearied in your souls YLT))

Hierdie skrywer sê, "Vul jou gedagtes met hoe ander beproefdes volhard het, en veral hoe

Jesus tot die dood toe volhard het, sodat jy met volharding kan aanhou, en nie sielsmoeg, lewensmoeg word nie, letterlik jou siel verloor nie, alles verloor nie.

Die woord 'volharding'... kom van die Griekse saamgestelde woord...

**hupomone**

- **ὑπό** (*hupo*) "onder"
- **μονή** (*monē*) van die werkwoord **μένω** (*menō*), "om te bly," "om te vertoef"

Dus: om onder iets te bly eerder as om daarvan weg te vlug of daaronder mee te gee:

- **Uithouvermoë**
- **Standvastigheid**
- **Deursettingsvermoë**
- **Geduld** (in die dieper, aktiewe sin—om geduldig vas te staan onder beproewing, met kalm sterkte en hoopvolle vertroue). Dit verskil van passiewe geduld—eerder aktiewe, volhardende, ferm afwagting, soos 'n boom se diep geankerde wortels die aanslag van stormwinde weerstaan.

Die kerk se geskiedenis is vol verhale van volharding, martelaars wat volhard het tot die dood toe.

Reg van die begin af is die kerk vervolg. Maar vanaf 64 NC het die vervolging verskerp, en is derduisende Christene vir die volgende 249 jaar in die Romeinse Ryk om die lewe gebring omdat hulle gelowig was.

Net voor, of in die begin van hierdie geweldige vervolging van die kerk is die boek Openbaring geskryf vir die gemeentes in Klein Asië waar Turkye vandag is. En sedertdien het vervolgde Christene deur die eeue groot krag daaruit geput.

In daardie wrede eerste eeue het die kerk van Christus sterk gestaan, gegroei, gefloreer. Daar is talle verhale opgeteken van hoe gelowiges met lof en dank op hulle lippe die wreedste dood gesterf het omdat hulle, wanneer hulle aangekla is, geweier het om te ontken dat hulle in Jesus glo, en geweier het om die dood te probeer vryspring deur te onderneem dat hulle voortaan die keiser of die Romeinse gode sal aanbid.

Hulle het die titel wat Openbaring vir Jesus gegee het aangehaal, "Ons aanbid die Koning van die Konings, die Here van die Here, ons kan nie die keiser aanbid nie."

Dit het goewerneur op goewerneur in die Romeinse Ryk vir eeue verbyster, “Hoe volhard hierdie Christene?”

- Sommige word van hul gesinne weggevat en as slawe na werkskolonies gestuur tot hul dood.
- Ander se vingers word afgesny, tone, ledemate.
- Ander word vir roofdiere gegooi in arenas, of gekruisig, onthoof, verbrand.
- Sommige word in olie gekook, ander met teer gesmeer en op ’n paal vasgebid en aan die brand gesteek.
- Gate word in sommige se kopbeen geboor en gesmelte metaal word daarin gegooi.
- So baie word gemartel dat hulle met tye van die een kant van Rome tot die anderkant in ’n ry gekruisig word as ’n besienswaardigheid vir vakansiegangers.

Hoekom knak hulle nie? Hoekom word hulle nie verbitterd nie? Hoe behou hulle hul geloof en blydskap?”

Kom ons lees een van die gedeeltes waaraan gelowiges in beproewing deur die eeue vasgehou het, ’n gedeelte oor volharding:

**Openbaring 3:7-13**

7 En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfia: Dít sê die Heilige, die Waaragtige, wat die **sleutel** van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie:

8 Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou ’n geopende **deur** gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie.

9 Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg—Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het.

10 Omdat jy aan die boodskap van my volharding vasgehou het, sal Ek jou ook vashou in die tyd van beproewing wat oor die hele wêreld gaan kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.

11 Ek kom gou. Hou vas wat jy het, **sodat** niemand jou kroon wegvat nie.

12 Wie oorwin, Ek sal hom ’n **pilaar** in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam.

[13]Wie ’n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

Woorde soos hierdie dertien verse wat ons gelees het, het martelare deur gruwelike vervolging gedra, sekerlik kan dit jou deur jou dag dra, of jou week, of deur die moeilike tye van jou lewe…

In die verse is daar *’n deur, ’n sleutel* en *’n pilaar*. Kom ons dink hoe dit jou kan help om vas te hou, te volhard. Jou kan help om enige iets in die gesig te kan staar en steeds te kan bly staan.

**1. ’n Deur**

**Openbaring 3:8**

Kyk, Ek het voor jou ’n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie…

’n Oop deur in die Nuwe Testament praat altyd van geleenthede om iets vir die Here te beteken. Om mense vir Hom te bereik. Om jou lewe te laat tel.

Vir die gemeente van Filadelfia veroorsaak die Joodse ongelowiges baie probleme. Hulle teister die Joodse Christene, ban hulle uit die Joodse gemeenskap en sinagoge. “Ons is God se volk, julle hou julle op met ’n vervalsing van die ware geloof.” Om guns by die Romeine te kry maak hulle valse aantygings teen die Christene.

Die gemeente kry swaar gekry, word vervolg en kan min mense bereik met die evangelie. Op die oog af lyk dit nie na ’n suksesvolle gemeente nie. Maar hulle volhard.

Dis vir hierdie sukkelende klompie volhardende gelowiges wat die Here sê Hy sal ’n deur oopmaak wat niemand kan sluit nie, “Die antagonistiese Jode gaan erken Ek is met julle. Hulle gaan sien wat ware geloof is. Ek gaan die deur wat nou toe is oopmaak.”

Dink aan die baie, baie belangrike, eintlik fundamentele waarheid in hierdie metafoor van ’n geopende deur.

Wat sou ’n toe deur beteken? Dis duidelik, dis wanneer dinge nie gebeur soos ’n mens dit wil hê nie, soos wat jy dink jou geloof en jou lewe moet verloop nie. Jy bid, maar dit lyk nie of dit

help nie. Jy sou wou vertel hoe die Here jou help, maar mense sal jou nie glo nie. As mense nou na jou situasie kyk, sou hulle kon sê dit lyk nie of jou geloof regtig jou lewe beter maak nie. Dis wat toe deure beteken. Swaarkry, frustrasie, teleurstelling. Maar die Here belowe hierdie gelowiges Hy gaan dit verander. Hoekom?

**Openbaring 3:8,10**

Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, **want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie…**

**Omdat jy aan die boodskap van my volharding vasgehou het…**

"Terwyl jy min krag het, nie die vermoë het om dinge te vermag of verander nie, het jy my woord bly glo, daaraan vasgehou, getrou gebly, jou rug nie op My gedraai nie. En jy het aan 'n boodskap vasgehou, die boodskap van volharding. Jy het onthou wat Ek gesê het, dat almal wat My wil volg vervolging, teleurstelling, teenkanting sal ervaar. En jy het ook onthou hoe Ek self volhard het aan die kruis. En omdat jy dit gedoen het, sal Ek vir jou 'n deur oopmaak wat niemand kan sluit nie."

Hier is een van die groot waarhede van Christenskap, 'n waarheid wat oënskynlik soos 'n teenstrydigheid lyk: Toe deure is die deur na jou toekoms! Hierdie waarheid geld op soveel areas van 'n mens se lewe, byvoorbeeld:

- Versoeking lê op die pad na heiligheid en reinheid.
- Dinge wat sinneloos lyk kan help dat jy meer sinvol lewe.
- Mislukkings kan onmisbare komponente van sukses wees.

Jesus sê vir die gelowiges in Filadelfia: Hoe jy maak met toe deure gaan jou jou bring by die oop deure wat Ek vir jou beplan.

Dit beteken nie dat alle toe deure in jou lewe deur God daar gesit is nie. Hoe móói sommige boodskappies van bemoediging ook al klink, dit strook nie met die Skrif en met die liefdevolle volmaakte heiligheid van God nie.

- *Die Here het sy mooiste blommetjie kom pluk…* So, het God die inbreker met die geweer gestuur om die kind te skiet?
- *Die Here het sy doel hiermee…* Sê jy God het jou man gelei om 'n buite-egtelike verhouding te hê?
- *Die Here het hierdie laat gebeur sodat ek kan leer om Hom te vertrou…* Ja? Het God die makelaar geïnspireer het om jou geld te verduister?

- *Ek weet nie hoekom die Here my so toets nie, maar sy gedagtes is hoër as ons s'n, ek verstaan nie nou nie, maar Hy het 'n doel met alles*... Help dit jou regtig as jy só aan jou kind se verslawing dink?

Die God van hierdie stellings klink vir my meer na die duiwel...

En sou jy hierdie God wil voorstel aan soekende mense?

O nee, die Here sê nie vir die gelowiges in Filadelfia dat alle toe deure maar net deel is van sy groot plan nie.

Hy sê wel dat jy wat volhard, wat vashou, voor jou sal Hy 'n geopende deur gee, maak nie saak wat die aanslae van die lewe is nie; of dit boos is, weens ander se sonde, of selfs jou eie sonde wat jy bely en erken het, en of bloot die verloop van die lewe is—dinge neem langer as wat jy verwag of gewens het, die ekonomie neem 'n draai wat jou benadeel, jy moet jou huis verkoop nou dat die mark af is...

Wat ook al die toe deure is, die Here sê vir jou wanneer jy in Filadelfia is, "Hou vas wat jy het. Hou vas aan My. Hou vas aan my woord. Hou vas aan die boodskap van volharding. Die deure sal oop gaan. Jou lewe sal 'n boodskap word. Bring jou toe deure na My toe. Ja, Ek kan selfs die deure wat as gevolg van boosheid of donkerte toe deure is gebruik as jy dit na My toe bring. As jy volhard. As jy My sal vertrou om jou te help én jou te versterk en te vorm."

Die antieke Grieke het 'n uitdrukking gehad: "*pathemata, mathemata*," wat beteken "lyding is opleiding..." Lyding kan jou wyser, mooier, sagter, nederiger maak. Maar nie noodwendig nie. Nie outomaties nie. *Pathemata, mathemata* is slegs waar as jy in lyding volhard om God te dien en vertrou. Want lyding kan ook vernietiging bring, hardheid, moedeloosheid, woede teenoor God en die lewe...

Hou vas...

Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, **want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie...**

**Omdat jy aan die boodskap van my volharding vasgehou het...**

'n Deur, en...

## 2. ’n Sleutel

### Openbaring 13:7

7 …Dít sê die Heilige, die Waaragtige, wat die **sleutel** van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie…

Wat was die sleutel van Dawid? Dis ’n verwysing na Jesaja 22:22. Koning Hiskia het ’n bestuurder, ’n tweede-in-bevel, Sebna. Die koning se bestuurder het toegang tot al die koning se stoorkamers. Dit word genoem die sleutel van Dawid, wat ook ’n simbool is van Dawid se invloed op die Joodse godsdiens. Sebna is onbetroubaar, en dan sê Jesaja die sleutel van Dawid sal vir ’n betroubare man, Eljákim gegee word. So is Eljakim ’n tipe van Jesus. Jesus sê in die vers wat ons gelees het dat Hy die sleutel van Dawid het: Hy het die gesag in die koninkryk van God, en net deur Hom kry enige iemand toegang tot al die rykdomme in die koninkryk. Hy het die sleutel van die skatkamers.

Vir die gemeente in Filadelfia wat so getreiter word deur die Jode sê die Here, “Ek is die betekenis van die hele Ou Testament. Maak nie saak wat hierdie Jode vir julle sê nie, Ek het die sleutels van Dawid. Hierdie Jode se sinagoge is die sinagoge van Satan.”

Maar reeds in die eerste hoofstuk van Openbaring word sleutels genoem om Jesus se gesag te beskryf as ’n alles-omvattende gesag:

### Openbaring 1:10-11, 17-18

…en ek het agter my ’n groot stem gehoor, soos van ’n basuin,
11 wat sê: Ek is die Alfa en die Oméga, die eerste en die laaste…

17 En toe ek Hom sien, val ek soos ’n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste

18 en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood.

Die brief begin met hierdie woorde, Jesus sê vir almal wat die brief lees, “Jy wat swaarkry, onthou wie Ek is. Ek is die Alfa en die Oméga, die eerste en die laaste. Selfs as die dood vir jou naby is, ek het ook daardie sleutels, van die dood en die doderyk. Ek, die Oméga, het die laaste sê. Jou aan tot die einde toe, tot die laaste dag…”

Aan die einde van die boek verseker Hy die lesers weer…

**Openbaring 22:12-13**

[12]En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.

[13]Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste.

En vir die gelowiges in Filadelfia waarvan ons gelees het sê Hy ook om die einde in sig te hou…

**Openbaring 3:11**

[11]Ek kom gou. Hou vas wat jy het, **sodat** niemand jou kroon wegvat nie.

Ek kom gou. Dink aan My as die Oméga, die laaste, die einde. Ek het wel die sleutels van die geslote deure van jou onmiddelike situasie, maar Ek het ook die sleutels van die einde… Ek kom gou. Onthou dit. Leef vir wat op die einde wag, én asof die einde naby is. Dan sal jy kan vashou wat jy het…

Dis hoe die gelowiges in Filadelfia, en alle gelowiges, na die toe deure van omstandighede moet kyk: Daar is geen deur waarvoor Jesus nie ’n sleutel het nie. Selfs die deur van die dood, my dood, my laaste dag, Hy het die sleutel. Sy gesag is onbeberk. Hy is die Alfa en die Omega, die eerste en die laaste.

Dink aan Hom as die een wat die sleutels het vir jou laaste dag. Hy wat die Omega, die einde is…

Maar dink ook aan Hom as die Alfa, die begin. Hy is nie net die Omega, die einde nie, Hy is ook die Alfa, die begin, en alles tussen-in, gister, vandag, en môre….

Hou vas aan dié oortuiging. Hy is jou Alfa, jou begin, jou Maker. Hy is jou Skepper. Jou lewe het ’n doel. Jou talente het ’n doel. Jou omgewing het ’n doel. Daar is ’n rede dat jy in hierdie omgewing bly, dat jy die vriende het wat jy het, die gesin het wat jy het, die man, die vrou, die werk, die gemeente… Daar is ’n rede dat jy gebore is toe jy gebore is, sou oud is as wat jy nou is. Daar is ’n rede vir vandag en elke dag. Jy is nie uitgelewer aan die noodlot nie.

En so leef gelowiges, met hierdie ingesteldheid: Ek móét vandag hier wees. En terselfdertyd

ook met híérdie ingesteldheid: Vandag mag my laaste dag wees, ek is gereed om verslag te doen van hoe ek vandag leef.

’n Sleutel, ’n deur, en…

### 3. ’n Pilaar

#### Openbaring 3:12

Wie oorwin, Ek sal hom ’n **pilaar** in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam.

In antieke stede is groot leiers vereer deur pilare te bou met hulle name daarop. Soms was hierdie pilare in die vorm van menslike figure, soos monumente. Ook in tempels was daar pilare waarop die name van sulke vereerdes geskryf was. Maar dit was ’n streek waar baie aardbewings plaasgevind het wat sulke pilare en tempels dikwels vernietig het.

Die belofte aan ’n gelowige in Filadelfia is, “Jou pilaar sal bly staan, al word dinge om, en in jou, geskud. Want nie jóú naam nie, maar my naam is daarop geskrywe. Jy wil nie jou eie monument wees nie. En jy het nie afgode nie. Jou pilaar staan nie in ’n ander tempel nie. Ek is jou God.”

Hierdie is ’n belofte vir die ewigheid. Maar soos regdeur die Bybel skyn die lig van beloftes van wat in die ewigheid wag, op dit wat in hierdie lewe eintlik waardevol is. As ons lees wat in die hemel waardevol is, soek ons hemelse dinge in hierdie lewe, dinge wat ewige waarde sal hê, pilare wat vir ewig sal bly staan.

Waarheen jy op pad is, is ook wat jy besig is om te word. Dit waarvoor jy hoop is ook dit waarna jy vandag strewe. En so, hoe meer die hemel vir jou tel, hoe meer tel die aarde. Hoe meer jy leef vir eendag, hoe meer leef jy vir vandag. Hoe meer jy dink aan jou hemelse huis, hoe meer gee jy aadag aan jou aardse huis en hoe meer verander jou aardse huis om te lyk soos jou ewige huis.

Dis wat Paulus bedoel in…

**Kolossense 3:1-2**

1 …soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit.

2 Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie.

En ook wat Jesus ons leer bid…

**Matthéüs 6:10**

Laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde…

Skep vandag moed. Kry sterkte om te volhard voor geslote deure. Hou vas. Jy het 'n Heer, die Koning van die Konings. As Hy vir jou is, wie kan teen jou wees. Sien Hóm wat volhard het aan die kruis, vir jou. Vat sy hand. Eet die brood en drink die wyn, en word versterk.

Wat gebeur met mense wat met beloftes van 'n sleutel, 'n deur en 'n pilaar leef? Jou lewe word iets soos hierdie gebed waarmee ons hierdie week saam reis…

**'n Gebed in Filadelfia (Openbaring 3:7-13)**

Here, help my om aan u woord getrou te bly wanneer ek voor geslote deure te staan kom. Help my om te volhard. Ek hou u volharding aan die kruis altyd voor my. U sal my help.

Ek glo U het die sleutels wat enige deur kan oopsluit as U wil, en wanneer U wil. Ek is veilig in u wil. My lewe het sin, in tye van vreugde, en in tye van stryd.

U het ook die sleutels van die dood en die doderyk. U is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde. Ek leef vir eendag, daarom leef ek vir vandag. Ek wil U ontmoet wanneer my einde kom, daarom wil ek U vandag ontmoet.

Here, ek wil leef om 'n pilaar te word. Ek begeer u standvastigheid, u sterkte, en u eer. Wys my waar ek leef vir my eie naam, my eie eer, my eie gemak of verryking. Ek weet dat elke pilaar waarop u Naam nie geskrywe is nie sal val. Verlos my van my eie naam, en laat u Naam op my geskryf staan. En gee my só 'n nuwe naam.

Amen.